

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE HEIDEKOPPIE

Posbus 292, Brackenfell, 7560
Tel: 021 981 2690 Faks: 086 552 1847
e-pos: ontvangs@heidekoppie.com



ONS LAAT DOOP ONS KIND

HOEKOM SOU ONS SO-IETS DOEN?

Wanneer 'n kind vir Christen-ouers gebore word, dan kom die gedagte gewoonlik by hulle op dat die kind gedoop behoort te word. Maar hoekom eintlik? Vir sommige voel dit dat die doop die kleinding se verskyning soort van "amptelik" maak: nou is hy of sy amptelik hier, nou is die kind 'n persoon met 'n naam. Gewoonte ("Dit gebeur maar met babas uit Christelike huise") of bygeloof (Sê nou die kind sterf vroeg") kan ook 'n rol speel.

Dat 'n pasgebore kind gedoop moet word, begin egter *by God self*. Nadat die mensdom in sonde geval het en so in verlorenheid gedompel is, het God 'n plan in werking gestel om te verseker dat daar vir Hom 'n gemeenskap van mense bewaar bly. Daarvoor het Hy by Abraham (die vader van alle gelowiges – Gal 3: 7, 29) begin, in 'n verbond met hom.

Die verbond: God het Abraham uitgekies en vir hom belowe dat hy 'n groot nasie sou word en dat al die volke van die aarde in hom geseën sou word (Gen 12: 1 - 3). Later het God vir Abraham en sy nageslag die *besnydenis* as teken gegee om te bevestig dat Hy hierdie belofte van geslag tot geslag sou hou (Gen 17:10). Hierdie belofte word ook 'n verbond genoem (Gen 15, veral vers 18; 17:7), omdat God Homself aan sy belofte gebind het, en Homself so aan Abraham en sy nageslag verbind het. Telkens wanneer daar 'n afstammeling van Abraham besny is, was dit 'n teken dat God getrou aan sy verbond met Abraham is.

Abraham en sy nageslag moes ook hierdie *verbond* nakom (Gen 17:9), aangesien 'n verbond twee kante het. Dit moes hulle doen deur die *besnydenis* te onderhou (vers 10).

Die *besnydenis* was *nie* iets wat hulle moes *doen* om die verbond te laat werk nie – dit hang van God se belofte af. Hy sou daarvoor sorg. Die *besnydenis* was soos 'n pand wat jy bewaar om jou aan 'n saak te herinner – in hierdie geval God se verbond wat Hy hou met die nageslag van Abraham. Die *besnydenis* verwys na God se trou aan sy verbondsbeloftes en herinner Israel daaraan.

God se belofte van seën aan alle nasies het in *Jesus Christus* 'n werklikheid geword. Deur Hom het alle nasies vrye toegang na die God van Israel gekry. (Gal 3:14; Ef 2:18, 3:6). So het Christus die verbond van God met Abraham tot sy volheid, sy vervulling, gebring. In die kruis van Jesus Christus het die *besnydenis* ook sy volle betekenis, sy vervulling, gekry, naamlik die reiniging van die volk van God (vgl. Deut 30:6 – ou vertaling; Kol 2:11).

Die verbond het sy vervulling in Christus en daarom ook die *besnydenis*. Gevolglik is die *besnydenis* – soos al die Ou-Testamentiese bloedtekens – nie meer nodig vir Christene nie (Gal 5 : 2, 3). Christus het sy bloed gegee as finale reinigingsoffer (Heb 10:11 – 19).

God se verbond met Abraham (as vervulde verbond) gaan egter nog steeds voort. Almal wat aan Christus behoort, is nakomelinge van Abraham – tot vandag toe (Gal 3:29). Tog is die besnydenis wat aan Abraham as verbondsteken gegee is, nie meer ter sake nie. Wat is dan nou die teken van om aan God se verbond met Abraham te behoort? Dit is nou die *doop*.

As bloedteken het die besnydenis vooruit gewys na Christus. As vervulde teken is dit nou nie meer geldig as Christelike (Nuwe-Testamentiese) verbondsteken nie. Nou wys die doop as teken terug na Christus. Die besnydenis was 'n teken van reiniging en so is die water van die doop dit ook (Heb 10:22). As sodanig is die doopwater 'n teken van die eintlike saak wat ons reinig, naamlik die bloed van Jesus Christus (1 Joh 1:7). Soos die besnydenis in die Ou-Testamentiese bedeling die teken van lidmaatskap van die verbond was, so is die doop dit nou. Die doop is die teken om aan Christus te behoort, aan Hom as die Vervuller van die verbond. Alle gelowiges in Christus dra daardie teken (Gal 3:27).

Die kerk doop dus die kindertjies van gelowige ouers, omdat God sy verbond met Abraham ook aan hierdie kleintjies bevestig.

Die doop in die plek van die besnydenis: Mense sou kon sê dat uit hierdie een teksgedeelte (Gal 3:27, 5:2,3) is dit nog nie so duidelik dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het nie. Kom ons kyk nou na Kol 2: 11, 12:

In Kol 2:11 staan daar dat Christene ook besny word. Hoe gebeur dit dan nou? Dit gebeur by die doop, sê vers 12. 'n Christen se besnydenis is dus sy doop, en aangesien God nog steeds sy verbond met Abraham van geslag tot geslag in stand hou, word die babas van gelowige ouers gedoop, soos hulle onder die Ou-Testamentiese bedeling besny is.



WAT IS DIE DOOP?

Deur die doop word God se belofte van seën (soos dit reeds vir Abraham gegee is) aan die dopeling bevestig (vgl Gal 3:14, 26 – 29). God verseker die dopeling van sy heilsvorneme, naamlik dat Hy aan die dopeling die ewige lewe wil gee.

By die doop word die teken van water gebruik. Water is 'n wasmiddel (reinigingsmiddel), en - soos reeds genoem – wys dit vir ons op die eintlike saak wat ons van ons sonde reinig, naamlik die bloed van Jesus Christus (1 Joh 1:7). Wanneer 'n mens gedoop word, dan gee God aan hom die belofte van die afwassing van sy sonde deur die bloed van sy Seun Jesus Christus.

Wanneer iemand gedoop word, word sy/haar naam genoem. Dit, verstaan ons, beteken nie dat die persoon nou eers 'n naam kry nie. Wat gebeur, is dat God vir daardie persoon op sy naam sy belofte van heil gee. Die aanbod van heil is in Jesus Christus wel bedoel vir alle mense, maar 'n gedoopte mens kan vertrou dat God se belofte van heil vir hom persoonlik – op sy naam – bedoel is.

Ons het so pas van God se aanbod van heil gepraat. Daardie aanbod is die *evangelie-boodskap*, die verlossingsboodskap van Jesus Christus. Wat die doop – sowel as die nagmaalsakrament - doen, is niks anders as wat die evangeliewoord doen nie. Die evangeliewoord doen dit hoorbaar, en die sakrament (hier die doop) doen dit sigbaar en tasbaar. Deur die sakrament bevestig God dus maar net op 'n meer persoonlik gerigte manier wat Hy reeds in die evangeliewoord gee.

Die evangelie – in 'n neutedop, kan 'n mens sê – gee God se belofte of boodskap van die afwassing van die sonde deur die bloed van Jesus Christus. Soos die evangeliebodskap dit in woorde doen, doen die doop dit op 'n sigbare manier. Die doop as sakrament is dus eenvoudig: sigbare evangelie. Die doop is 'n sigbare en persoonlike belofte van God van die afwassing van ons sonde.

Soos die evangelie *geglo* moet word om vir my betekenis te hê, so geld dit ook van die doop, aangesien die doop dieselfde boodskap dra as die evangeliewoord. My doop sal net vir my sin hê, wanneer ek die boodskap – die betekenis – van my doop in die geloof aangryp. Wanneer iemand dan op volwasse ouderdom gedoop word, kry hy by sy doop die versterkte versekering dat sy verlossing vasstaan in Jesus Christus. Soos die evangeliewoord wat hy gehoor het hom daarvan verseker en hy dit in die geloof moet aangryp, so versterk sy doop daardie versekering.

En 'n klein babatjie?

'n Baba verstaan mos nou nog nie die dinge wat met hom gebeur wanneer hy gdoop word nie. Hoe kan sy doop dan vir hom betekenis hê?

'n Verdere vraag: Verstaan daardie klein babatjie die dinge wat sy pa en ma op daardie ouderdom vir hom sê en aan hom doen? As hulle vir hom sê dat hulle hom liefhet en hy verstaan nog geen woord daarvan nie, dan beteken dit nie dat sy ouers nie ernstig is met wat hulle vir hom sê nie. Hulle verseker hom reeds van hulle liefde, voordat hy hulle woorde verstaan. Hy word in die dampkring van hulle liefde groot en so leer hy hulle liefde met verloop van tyd ken.

So ook met 'n baba wat gedoop word. Die belofte van vergifnis aan daardie kind word deur God dooernstig bedoel, met die teken van die bloed van sy Seun. In 'n gelowige ouerhuis word die kind dan in die dampkring van God se liefde groot en so leer hy ook God se liefde met verloop van tyd ken. So kry sy doop ook vir hom betekenis en kan hy ook die boodskap van sy doop - die afwassing van sy sonde deur die bloed van Jesus Christus - aangryp, net soos 'n besnyde Israeliet die beloftes van God se verbond aan hom kon aanvaar in die geloof.

In die doop bewys God dan sy getrouheid aan sy verbond met Abraham. Hy waarborg self die voortgang van sy verbond. Van geslag tot geslag hou Hy sy kerk in stand. In sy liefde is Hy ons altyd een voor. Hy is steeds die Een wat die inisiatief neem in ons verlossing.

Ons versekering

Omdat God getrou is, staan sy beloftes vas. Daarom kan 'n mens hom op God se belofte van verlossing verlaat, veral 'n gedoopte mens, omdat 'n gedoopte mens op sy naam die versekering van God se heilsbedoeling met hom ontvang het. 'n Gedoopte mens kan hom sy lewe lank verlaat op God se belofte wat hy in sy doop ontvang het – of hy nou as 'n baba gedoop is of op 'n later ouderdom. Daarop kan hy altyd terugval.

Van Martin Luther word vertel dat, toe hy in die grootste aanvegting van Satan verkeer het, hy 'n lei gegryp en daarop geskryf het: “Ek is gedoop!” Deur sy doop is hy verseker van God se genade en daarom kon hy Satan se aanslag die hoof bied.



WAT MAAK ONS MET ONS EN ONS KIND SE DOOP?

Hoe leer ons kind nou God se liefde ken? By ons as ouers. Ons het die voorreg om ons kinders se eerste evangeliste te wees – om hulle na Christus toe te lei. Ons is die eerste wat ons kinders van God se liefde wat Hy vir ons aan die kruis van Christus bewys het, kan vertel. Daardie liefde het God reeds aan die gedoopte kind toegesê by sy doop. Sy doop met water vertel reeds van die bloed van Jesus Christus wat Hy uit liefde vir ons gegee het.

As ouers God se verbond nakom (Gen 17:9) deur hulle kind te laat doop, dan beteken dit dat hulle God se verbondsbelofte, d.w.s. die evangelie van Jesus Christus, aanvaar het, m.a.w. dat hulle Jesus Christus as hulle Verlosser aangeneem het. Daarom is dit verstaanbaar dat die doop van kinders bedoel is vir die kinders van *gelowige ouers*.

As ek vir iemand iets moet gee, byvoorbeeld kos, dan moet ek self eers van daardie saak hê, voordat ek dit vir 'n ander kan gee. As ek die evangelie van Christus met ander moet deel, dan sal ek Jesus Christus eers self in my lewe moet hê, sodat ek Hom aan ander bekend kan stel. Daarom kan ons verstaan dat ouers wat hulle kinders wil laat doop Jesus Christus self moet ken, self geredde mense moet wees.

Dit is 'n geweldige voorreg om ons kinders se eerste evangeliste te wees, maar net so 'n groot verantwoordelijkheid. Hierdie taak kan ons net uitvoer in 'n daaglikse omgang met die Here in geloof en gebed.



Opgestel deur Dr Theo Baenhorst: la Rochelle

Lees verder: Adrio König: *Stof jou doop af*. 1995